

**5 April**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 12 en 13  
Fokusgedeelte: Deut 12:5**

**God wil dat ons saamkom in aanbidding**

God gee die opdrag dat Israel net een plek van aanbidding moet hê. Hulle moes God nie maar op enige plek in Kanaän met hulle offers vereer nie en nie enige plek altare oprig nie. God sou self 'n plek aanwys. Die vraag is nou: Is Hy dan nie alomteenwoordig nie? Dit gaan nie hier daaroor nie. Reeds tydens die uittog moes Moses 'n tabernakel oprig waarop al die offers gebring moes word.

Hoekom dan net die een plek van aanbidding? Omdat God nie dieselfde is as al die heidense afgode wat daar in Kanaän gedien is nie (hoofstuk 13). Daar is op hoë berge, op elke heuwel en onder elke groen boom heidense offers gebring. Maar die Here wil nie hiermee vereenselwig word nie. Daarom moes al die afgodsplekke vernietig word (vs 2,3) en in die plek daarvan moes een aanbiddingsplek kom. Daar sou Hy self teenwoordig wees.

Hulle moes met hulle offerande opgaan na Hom toe. So sou daar ook orde wees (vs 8). In jou diens aan Hom vra die Here orde. Hy vra dat jy in jou aanbidding ook met jou gemeente moet saamkom; saam verenig; saam aanbid; saam luister. Baie mense sê: Ek dien God daar by die see, daar in die veld, daar waar ek kerk oor die radio luister.

Die een offerplek het ook heengewys na Golgota. Deur Jesus word al God se uitverkorenes een groot skare van gelowiges. Die kruis bind saam. Dit moet ook in my godsdiens weerspieël word en in my optrede teenoor ander, maar veral as ek saam met ander kom om te aanbid.

*Sing: Psalm 122:1,2*

*Ds LD Aucamp (Cullinan)*